Sondag, 16 Februarie 2020

In die koninkryk van die hemel is barmhartigheid die manier van lewe.

"Van toe af het Jesus begin preek en gesê: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.'"
(Matteus 4:17)
"Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."
(Matteus 5:7)
"Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is."
(Lukas 6:36)

Wat sou dit beteken dat die koninkryk van die hemel naby gekom het? Wat het verander van 'n tyd toe die koninkryk van God nog nie naby was nie?

Een van die dinge wat verander het, is dat God se hart hier op aarde sigbaar geword het. Ons het God se hart gesien in Jesus wanneer Hy na mense kyk en hulle innig jammer kry, omdat hulle soos skape was wat nie 'n wagter het nie (Mat. 9:36). Maar hoe het die koninkryk van die hemel, wat naby gekom het, die wêreld geraak? Jesus begin een van die meer radikale preke van alle tye met 'n aantal kenmerke van 'n lewe in die koninkryk van die hemel en telkens sê Hy dat mense wat so leef as geseëndes bekend sal wees (Mat. 5:3-11). Barmhartigheid is dus nie 'n opsie wanneer jy in God se familie tuiskom nie, dit is 'n kenmerk van die lewe binne die koninkryk van die hemel, dit is 'n manier van lewe.

As ek en jy dan burgers is van God se koninkryk, wat sou hierdie lewe van barmhartigheid van ons vra?
Watter verskil maak dit dat God se koninkryk naby gekom het, ook vir Berg-en-Dal in 2020?
Kan hierdie "ou" woord, "barmhartigheid", weer nuwe lewe kry in die samekomste van die familie van God?

- ds. Johan Marais

Baie welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Ds. Jan Lubbe lei die gesinsdiens in die saal.
Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig.
Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe.
Almal word uitgenooi vir 'n koppie koffie & tee ná die diens in die binnehof.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms gerus ds. Johan Marais (084 517 8052).

Ander eredienste vandag en volgende Sondag:

Om 15:00	Sothodiens & Nagmaal – teol.std. Steve Bopane.
Om 18:00	Ds. Jan Lubbe: *"Geliefdwees ná Valentynsdag..."* – 'n Skrifmoment en gesprek met twee besondere gaste.
Sondag, 23 Februarie	09:30 – ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in die saal – ds. Johan Marais; 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens); aand om 18:00 – ds. Johan Marais (Pastorale gesprek).

DEURKOLLEKTES:

09 Februarie	Geestelike Bearbeiding Studerende Jeug	R 2 130,20
16 Februarie	Christen Vigsburo	
23 Februarie	Vrystaat Versorging	

'n Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en hierdie week verjaar:

16 Februarie	Flolinda Marais.
17 Februarie	Ina Snyman, Francois de Wet en Christiaan le Roux.
18 Februarie	Zenobia Botha, Annette Loots en Wilhelm Niebuhr.
19 Februarie	Carla Burger, Willem van Staden en Gerhard Maritz.
20 Februarie	Mornay Pretorius.
21 Februarie	LM v/d Merwe, Lieb Loots en Johan Diedericks.
22 Februarie	Marietjie Swanepoel, Johan Swanepoel, Hennie Barnard en Domonic Basson.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Tannie Constans Reyneke (Serenitas 20, wyk 15a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Tannie Flolinda Marais (Kiepersol 12, wyk 16); Riana Foord (Monspark 6, wyk 19a); Annatjie Weber (Albrechtstr. 104, wyk 2a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).

Meelewing:
Ons innige meegevoel met Jozua en Magriet Ellis, by die heengaan van hul moeder, Tannie Alet (Genl. Van Schoorstr. 17, wyk 3a); haar gedenkdiens was Vrydagoggend hier in die kerkgebou. So-ook aan die kinders en familie van Oom Bill Botha (Milnerweg 9A, wyk 20); sy begrafnis is môre-oggend, om 09:00 by Memoriam Begraafplaas en dan 10:30 die diens hier in die kerkgebou. Ons dink ook aan Oom Wollie en Tannie Toy Strydom (Siësta) – sy broer is in Middelburg oorlede.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Woensdag, 19 Februarie	05:30 – Mannebiduur.
	19:00 – Bybelstudie (ds Jan): *"Só sê die Here" IV: Joël*
Donderdag, 20 Februarie	09:00 – Bybelstudie (ds Johan): *"'n Vader duisend"*

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke – ruil vanjaar om):
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u vanjaar hospitaal toe sou gaan, of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. Indien daar ander nood is of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak graag 'n afspraak met u.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyk 13 (Verre Weste) en **14** (Westdene) is Februarie aan die beurt vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750).

Kerkraadsvergadering:
Die eerste kerkraadsvergadering vir 2020, vind eerskomende Sondagaand plaas, 23 Februarie 2020 – ons woon die aanddiens saam by, en dan daarna (en ná koppie tee en toebroodjie) vergader ons in die kerksaal. Sakelyste word elektronies versend; indien jy 'n gedrukte kopie wil hê – laat weet asb. die kerkkantoor teen Vrydagoggend.

BEDIENINGE

EREDIENSBEDIENING
Aswoensdag:
Volgende week gaan ons die Lydenstyd in, beginnende met 'n spesiale wydingsdiens op Woensdagaand, 26 Februarie om 18:00, gelei deur ds. Martin Laubscher. Die gebruik om 'n "Aswoensdag" te gedenk het 'n lang tradisie in die Katolieke- sowel as Protestantse Kerke, om naamlik 40 dae vóór die Paasnaweek stil te raak by die wete van Christus se lyding en ons eie gebrokenheid en sonde. Dit spreek van verootmoediging en 'n na binnekeer in selfondersoek. Ons nooi almal weer uit om vanjaar só saam met ons die Lydenstyd in te gaan...

GEMEENTEBEDIENING
Wêreldbiddag vir Mans, Vroue en Kinders:
Vrydagaand, 6 Maart 2020 neem ons gemeente deel aan die Wêreldbiddag vir Vroue en Mans – soos vorige jare, reël ons weer drie gelyktydige groepsbyeenkomste (vroue, mans, kinders), vanjaar met **Zimbabwe** as temaland in gedagte, en daarna 'n heerlike ete. Meer besonderhede volg later. Dagboek solank die datum, en besprekings kan by die kerkkantoor gedoen word (@ R 40 p/p vir die ete).

Herfstee vir Seniors 11 Maart 2020:
Ingesluit by vanoggend se Fokus vind u 'n uitnodiging na hierdie spesiale byeenkoms vir ons senior lidmate: ons jaarlikse Herfstee. Kom bespreek jul plek by die kerkkantoor, asb. sodat ons die voorbereidings kan begin tref.

GETUIENISBEDIENING: MET WOORD EN BROOD...
Werkersklas: Huishulpkamp
Die jaarlikse huishulpkamp vind plaas vanaf Vrydag, 6 tot Sondag, 8 Maart 2020. Daar is 14 van ons Werkersklasvroue wat dit gaan bywoon – baie dankie solank aan hul werkgewers wat instaan vir die kostes en dit vir hul ook tydsgewys moontlik maak om die naweek by te woon. Baie dankie ook vir alle skenkings van wol, materiale, 'n omkapmasjien en die borg van leesbrille; ons waardeer dit opreg.

ONDERSTEUNINGSBEDIENING
Geldsake en Begroting 2020/21:
Die einde van die finansiële jaar is hier, 29 Februarie, en die Komitee vir Geldsake het probeer om Berg-en-Dal se boeke te laat klop. Indien daar nog 'n dankoffer of bydrae van jul kant onderweg is, baie dankie – daar ís tekorte wat ons moet delg.

NG Kerk Berg-en-Dal, ABSA Tjekrek. 470-580-011

Lokale en fasiliteite te huur beskikbaar:
Het jy geweet dat Berg-en-Dal oor gerieflike lokale met projeksie- en kombuisfasiliteite beskik wat vir bestuursvergaderings, opleidingskursusse en kleinerige konferensies in weeksdae of -aande gebruik kan word? Eenmalige- of langtermyn-opsies kan bespreek word. Kontak gerus ons kerkkantoor by 051-436 2750 of deur ons webblad by www.bergendalkerk.co.za en doen navraag oor beskikbare datums en tariewe vir jou geleentheid!

NUUS VAN ELDERS

Gesprekke oor verlies en rou:
Hospice Bloemfontein bied weer 'n ondersteuningsgroep in die hantering van verlies en rou aan, gelei deur Hanneke Lubbe en rev. Tlagu Molokoane van die Anglikaanse Kerk. Dit is 'n maandelikse uurlange sessie waarin verskillende aspekte van wat verlies is en hoe dit mense raak, watter behoeftes tydens die rouproses kan voorkom en hoe om dit te hanteer, bespreek sal word. Die eerste geleentheid is op Dinsdag, 25 Februarie 2020 vanaf 17:00-18:00 in die Jeugkamer by Berg-en-Dal. Almal welkom.

Verblyf gesoek:
'n Enkellopende jongman is op soek na 'n tuinwoonstel – kontak asb. 082 353 1893.

"My God,
I have come to You this morning,
because I am your child.
Like a loving Father, please listen to my prayer –
if my heart is heavy, console me;
if I am angry, calm me;
if I am away from You, call me.
In Christ's Name.
Amen."